# Hillcrest High School

Graad 10

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2

JUNIE 2024

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. A. Wessels

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## Instruksies en inligting.

**NB: SKRYF JOU ONDERWYSERES SE NAAM OP DIE DEKBLAD.**

**Me. Jordaan, Middelton, Wessels, Schoeman, Nieuwoudt**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 2 afdelings.

   Afdeling A: Letterkunde [35]

   Afdeling B: Poësie [35]

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke storie/gedig op ‘n nuwe bladsy.
4. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel van die vraestel.
5. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.
6. **Lees jou instruksies by elke vraag noukeurig deur.**
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Skryf in die taal wat getoets word.
9. Deel jou tyd so in:

   Afdeling A 60 minute

   Afdeling B 60 minute

10. Lekker skryf

## AFDELING A: KORT VERHALE

## VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord AL die vrae.

**Ek is hier – Solet Scheeres**

| | |
|---|---|
| 1. | Sent: Sat. 2015/02/13 08:30 |
| 2. | From: Lisan [LisanGreyling@gmail.com] |
| 3. | To: Emma Wentzel |
| 4. | Mater, maaikie, ik ben verliefd! Ha-ha. Ek kan al amper |
| 5. | *Hollands praten.* |
| 6. | Kees is sowaar 'n *catch*! |
| 7. | My hart pyn sommer soos ek wens dat jy ook hier kon wees. |
| 8. | Die skool! Die ouens! Jy kan dit nie glo nie. |

1.1 Hoekom het Lizan vreemde kyke gekry toe sy op die internasionale lughawe in Amsterdam aangeland het? (1)

1.2.1 In watter seisoen het Lisan na Nederland toe gegaan? (1)

1.2.2 Hoe weet jy dit? (1)

1.3 Pas kolom A by kolom B. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer. Bv. 1.3.6 K

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Schiphol | **A** | Die familie in Nederland woon daar. |
| | | | |
| 1.3.2 | Breda | **B** | Nagklub |
| | | | |
| 1.3.3 | Geeske | **C** | Die skool se naam. |
| | | | |
| 1.3.4 | Drie Gezusterskroeg | **D** | Die Van Loon dogter |
| | | | |
| 1.3.5 | Emma | **E** | Lughawe in Amsterdam |
| | | | |
| | | **F** | Wentzel |

(5)

1.4 **Lisan hoef nie in die huis te help nie omdat sy ‘n gas is.**

Motiveer hoekom hierdie stelling Onwaar is. (1)

1.5 Watter Vervoer gebruuik Lisan-hulle skool toe?. (1)

1.6 In watter opsig is die skole in Nederland en Suid-Afrika dieselfde? Noem TWEE dinge. (2)

1.7 Verduidelik hoekom een van Geeske se vriendinne vir Lisan gevra het waarom sy nie swart is nie. (1)

1.8 Waaraan kan ons aflei dat Emma en Johannes mekaar gereeld sien? (1)

1.9 Kies die korrekte woord om die stelling te voltooi.

Die karnaval gaan vir (‘n naweek/’n week) duur. (1)

1.10 Kies die regte antwoord. Skryf die nommer en antwoord neer.

**“Ek sal my die res van die tyd in Nederland so soet soos stroop gedra.”** Is ‘n voorbeeld van…

A metafoor
B alliterasie
C vergelyking
D personifikasie (1)

1.11 Dink jy Lisan en Johannes is nog in ‘n verhouding? Sê JA of Nee en motiveer jou antwoord. (1)

**[17]**

## BEGIN OP 'N NUWE BLADSY

**Donker nag – Hans du Plessis**

| | |
|---|---|
| 1. | Die restaurant is byna leeg; net vier tafels het nog gaste, die paar tuisblyers |
| 2. | wat tussen Kersfees en Nuwejaar nie met vakansie weg is nie. |
| 3. | Klara draai om om die man se rekening te gaan haal. |
| 4. | By tafel 6 sit die swartkopman alleen. Toe sy verbyloop, praat hy. |
| 5. | "Juffrou, is dit moontlik om 'n laaste koffie te kry?" |
| 6. | "Seker, Meneer. |

1.12 Gebruik die tabel om die sinne mee te voltooi.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| muur | verlig | lamppaal | skinkbord | boom | koppies |
| donker | | | | | |

Die bliksemstraal en die donderslag tref die 1.12.1 _____ langs die restaurant gelyktydig. Toe is dit 1.12.2 _______.
Klara laat die 1.12.3 _____ donderend val. (3)

1.13 **'n Man was oppad na die restaurant, toe die weerlig hom tref.**

Motiveer hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.14 Wie het na die man gaan kyk? (1)

1.15.1 Beskryf hoe die man van tafel 4 lyk? (1)

1.15.2 Hoe laat hierdie man vir Klara voel? (1)

1.15.3 Wat het hy probeer doen toe Klara sy drankie voor hom neergesit het? (1)

1.16 Behalwe dat dit skoolvakansie is, hoekom is daar min gaste in die restaurant? (1)

1.17 Wat het die man van tafel 6 vir Klara gegee? (1)

1.18 **Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.**
**Met toemaaktyd het die bestuurder die deur (gesluit en wegger/vir Klara gewag om te ry).** (1)

1.19 Waarmee het Klara gery? (1)

| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | Hoe laat was dit toe Klara uiteindelik in haar blyplek was? | (1) |
| 1.21 | Wat het sy vergeet om te doen? | (1) |
| 1.22.1 | Wat het Isabel in haar kamer vergeet? | (1) |
| 1.22.2 | Hoe, dink jy, kon dit vir Klara help? | (1) |
| 1.23 | Hoekom dink jy het Klara Kaptein Johan Stander se telefoonnommer op haar foon gelaai? | (1) |
| 1.24 | Wat het gebeur toe sy Kaptein Stander se nommer skakel? | (1)<br>**[18]** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** |

**BEGIN OP 'N NUWE BLADSY**

## AFDELING B: POëSIE

## VRAAG 2

Bestudeer die onderstaande gedigte en beantwoord AL die vrae.

**Kinders van die wind – Koos du Plessis**

Ek ken 'n ou, ou liedjie
van lewenswel en –wee;
van lank vergane skepe in
die kelders van die see.

Die woorde is vergete
en tog die deuntjie draal –
soos vaag onthoude grepies uit
'n baie ou verhaal …

Van swerwers sonder rigting;
van soekers wat nooit vind …
En eindelik was almal maar
kinders van die wind.

Gesigte, drome, name
is deur die wind verwaai:
en waarheen ál die woorde is,
sou net 'n kind wou raai.

Swerwers sonder rigting;
soekers wat nooit vind …
En eindelik was almal maar
kinders van die wind.

2.1 Waarom is daar geen lidwoord (Die) in die titel van die gedig nie? (1)

2.2 Watter bewys is daar dat daar 'n eerstepersoonverteller in die gedig is? (1)

2.3 Watter antwoord is NIE KORREK NIE. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.
Eienskappe van 'n liriek is …

A herhaling
B alliterasie
C metafoor
D refrein (1)

2.4 Kies die tegniek in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer. Bv 2.4.5 G

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.4.1 | versnel die tempo | A | herhaling |
| | | | |
| 2.4.2 | vier versreëls | B | metafoor |
| | | | |
| 2.4.3 | ou-ou | C | kwatryn |
| | | | |
| 2.4.4 | kelders van die see | D | personifikasie |
| | | | |
| | | E | enjambement |

(4)

2.5 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 aan. (1)

2.6 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 1 aan. (1)

2.7 Bespreek die letterlike betekenis van **" die woorde is vergete"** (versreël 5)? (1)

2.8 Haal 'n VERSREëL uit die gedig aan wat bewys dat hy nog die wysie van die liedjie onthou al het hy die woorde vergeet. (1)

2.9 Kies die regte antwoord. Skryf slegs die nommer en antwoord neer. "Kinders van die wind" is ('n metafoor/vergelyking). (1)

2.10 Gee TWEE redes hoekom die woorde "Kinders van die wind" in die gedig herhaal word. (2)

2.11 Haal EEN WOORD uit die gedig aan wat na die seebodem verwys. (1)

2.12 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat verwys na mense wat doelloos in die lewe rondswerf. (1)

2.13 Noem die rympatroon in hierdie gedig. (1)
**[17]**

**BEGIN OP ‘N NUWE BLADSY**

**Delft – Nathan Trantraal**

Die klippe inni pad
sit soes laities oppie sypaadjie
en vra die heeltyd vi jou virri rand.
Die wind kom en gan
soese man wattie oo sy laities worry nie
‘n wind wat net vi homself liewe.
Die lug se mon stink na wyn.
die son wêk nine to five
omdat dai is wat hy doen.
Hyt nog nooit consider
dat hy iets annes kan doen nie.
Die boeme hang heeldag oo hulle miertjies
en hou anne mense se biesagheid dop.
Die sand het vyl voete en lang naels,
maarie sand loep van dee tot dee
en sit in ammel se hyse
Die mense is cigarette-toppatjies
opgestop in metjieboksies

2.14 Waar speel hierdie gedig af? (1)

2.15 Waaroor handel die gedig? (1)

2.16 Kies die regte antwoord om die stelling te voltooi. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

Die taal wat in hierdie gedig gebruik word is (Standaard Afrikaans/Kaapse Afrikaans.) (1)

2.17 Hoekom gebruik die digter hierdie taal in 2.16 genoem? (1)

2.18 Voltooi die stelling deur die ontbrekende woord in te vul. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.
Die woord "hy" dui aan dat daar 'n 2.18 ______-spreker aan die woord is in die gedig. (1)

2.19.1 Die klippe **"sit soes laities"** is 'n voorbeeld van vergelyking.
Wat word met mekaar vergelyk? (1)

2.19.2 Verduidelik hoekom die digter hierdie vergelyking maak. (1)

2.20 Wat is die funksie van enjambement in hierdie gedig? (1)

2.21 **"Die lug se mon stink na wyn"**
Hoekom word die lug met die mense van Delft vergelyk? (1)

2.22 Bespreek volledig wat bedoel word met **"Die boeme hang heeldag oo hulle miertjies en hou anne mense se biesagheid dop".** (2)

2.23 Hoekom word die sand met die mense van Delft vergelyk? Gee TWEE redes. (2)

2.24 Kies die tegniek in KOLOM A wat by die aanhaling in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer. Skryf slegs die nommer en letter neer. Bv. 2.24.5 G

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.24.1 | Ontronding | A | "metjieboksies" |
| | | | |
| 2.24.2 | Vuurhoutjiedosies | B | "Hyt" |
| | | | |
| 2.24.3 | Personifikasie | C | "boeme" |
| | | | |
| 2.24.4 | Elisie | D | "nine to five" |
| | | | |
| 2.24.5 | Metafoor | E | "winde kom en gan" |
| | | | |
| | | F | "mense is cigarette-toppatjies" |

(5)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING B: [35]**

**GROOTTOTAAL: 70**